

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 15: *Bo* (בּוֹא) – Gaan

יהוה *het vir Moshe gesê: “Gaan na Farao toe, want Ek het sy wil, emosie en verstand, asook die wil, emosie en verstand van sy diensknegte verhard sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan uitvoer en sodat jy voor die ore van jou kind en jou kindskind kan vertel hoe Ek ‘n bespotting van die Egiptenare gemaak het en van My tekens wat Ek onder hulle gebring het sodat julle kan weet dat Ek יהוה is.”* Ex. 10:1 en 2 – PWL¹

Torah: Exodus 10:1 tot 13:16.

Haftorah: Jer. 46:13 tot 28.

Hernieuwe Verbond: Lukas 2:22 tot 24; Joh. 19:31 tot 37; Hand. 13:16 tot 17; Open. 8:6 tot 9:12; Open. 16:1 tot 21;

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 15 wat afgelaai kan word by: [Parashah15Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info

“Will God ever ask you to do something you are not able to do? The answer is yes – all the time! It must be that way, for God's glory and kingdom. If we function according to our ability alone, we get the glory; if we function according to the power of the Spirit within us, God gets the glory. He wants to reveal Himself to a watching world.” – Henry Blackaby.

Let us strive to merely make people think, not to convince them – Georges Braque.

Nothing is as hard to do gracefully getting down off your high horse – Franklin Jones.

Whoever wants to reach a distant goal must take many small steps – Helmut Schmidt.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetsee by padwlewe@yahoo.com. Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld.

Torah Bespreking

Die naam van hierdie week se parashah is die Hebreeuse woord *Bo* (בוּא) wat *gaan* of *gaan oor tot aksie* beteken. Hierdie gedagte kan ook soos volg verwoord word: *Kom, Laat jy dan nou gaan!* YHVH het vir Moses gesê om na Farao van Egipte ('n sinnebeeld van Satan en die wêreld) te gaan met die versoek om YHVH se volk te laat gaan, naamlik om hulle van die juk van dwangarbeid onder Egiptiese taakmeesters vry te maak sodat hulle vir YHVH 'n fees kan hou in die woestyn (Ex. 5:1 en 10:3)!

Die opdrag *om te gaan* is YHVH se eeu-oue opdrag wat in die hernieude verbond deur Yeshua herhaal word. So lees ons in Mark. 16:15 en 16 waar Yeshua opdrag gee:

“Gaan na die hele wêreld en verkondig My goeie boodskap in die ganse skepping. Wie ook al vertrou en gedoop word, sal lewe, maar hy wat nie vertrou nie, is veroordeel

En in Matt. 28:18 tot 20 sê Yeshua:

“Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heeal. Dit is waar.”

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie 'n tweeledige opdrag is, naamlik om die Evangelie van redding deur vertrou in Yeshua as Messias te verkondig en tweedens om elkeen wat glo te leer om alles te onderhou wat Yeshua Sy dissipels geleer het.

In die verband is dit belangrik om te onthou dat YHVH se onderrig en instruksies wat na die sonde van die aanbidding van die goue kalf aan Israel deur Moses gegee was, was 'n tugmeester tot en met Yeshua se folterdood en opstanding.

*Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertrou,
maar sedert die vertrou gekom het, is ons nie onder 'n gids nie,
want julle is almal kinders van God deur die vertrou in Yeshua, Die Gesalfde Een,
want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek. Gal.
3:24 en 25*

Na Yeshua se folterdood en opstanding het daar dus 'n verandering in YHVH se Torah (wet) plaasgevind. Dit word ondermeer bevestig deur Heb. 7:11 tot 17.

As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?

Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,

want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,

want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.

Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.

Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie, want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"

Die belangrikste verandering in YHVH se Torah, wat ook verskeie ander veranderinge tot gevolg het, was ten opsigte van die priesterorde en dus ook die offerandes! Baie duidelik stel die skrywer van die brief aan die Hebreërs dat die Levitiese priesterorde vervang is met die Melgisedek priesterorde! Yeshua is ons Ewige Hoofpriester en elkeen wat wedergebore is deur die Gees van YHVH is 'n koninklike priester. Petrus bevestig dit:

Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9 en 10.

Die kern van die goeie boodskap (die evangelie) is die sondevergifnis tot versoening met YHVH deur Yeshua Messias en die nuwe bedeling van 'n koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisedek. In Yeshua is die verbond van Exodus 19:5 en 6 bevestig, naamlik:

Daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees."

Yeshua ons Messias het waarlik nuwe dinge gedoen soos die profeet Jesaja voorspel het

Let op, Ek sal iets nuuts doen, nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie opmerk nie? Ek sal selfs 'n pad in die wildernis maak, riviere in die woestyn. Die wilde diere van die veld sal My loof en eer, die jakkals en die volstruis, want Ek het waters in die wildernis gegee en riviere in die woestyn, om My gekose volk te laat drink. Die volk wat Ek vir Myself gevorm het, sal My lof verkondig. Jes. 43:19 tot 21.

In Yeshua is ons die volk wat YHVH vir Homself gevorm het. Ons wat geen volk was nie, is uit die duisternis geroep om die goeie boodskap van redding deur Yeshua en van 'n koninklike priesterdom van Melgisedek te verkondig! Ons is deur die Torah van die Gees van die lewe in Messias Yeshua (nuwe bedeling) vrygemaak van die Torah van sonde en dood (die ou bedeling)(Rom. 8:2). Ons tugmeester is nie meer die Torah van Moses nie, maar wel die Afgesonderde Gees wat ons die dieper geestelike toepassing van die letter van die wet leer.

Onthou: die Torah van Moses was slegs 'n skaduwee van die groter en blywende heerlijkheid van die Torah soos dit in Yeshua vervul is. In verlede week se parashah is dit meer volledig bespreek en hierdie notas kan afgelaai word by: [Parashah14Notas.16](#)

Ons opdrag is om te gaan – tot aksie oor te gaan – en hierdie evangelie aan die ganse wêreld te gaan verkondig!

Maar!!

Hiermee saam is daar nog 'n belangrike opdrag *om te gaan – om oor te gaan tot aksie*, naamlik die baie belangrike opdrag van YHVH aan ons om uit Egipte – die wêreld van sonde – uit te gaan en ons af te sonder (te heilig) as YHVH se koninklike priesterdom:

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4 en 5.

Die 1953 vertaling lees soos volg: ***Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.*** Hierdie is geen ‘nuwe’ opdrag nie, maar is dieselfde woorde wat YHVH deur die profeet Jeremia tot Israel gespreek het.

Vlug uit Bavel uit en red elkeen sy lewe; moenie vernietig word in haar straf nie, want dit is יהרה se tyd van wraak; Hy gaan aan haar haar verdiende loon gee. Jer. 51:6.

Gaan uit haar uit verwys na geestelike Babilon, naamlik na geestelike hoerery. Ons moet vlug van enige geestelike hoerery! Babilon is die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde (Open. 17:5). Om in Babilon te bly (deur enige betrokkenheid of verbintenis met geestelike hoerery te hê) is om gemeenskap met haar sondes te hê en dan sal jy *van haar plaë ontvang*. Om te vlug uit geestelike Babilon is om jousef te red van die vreeslike woede van YHVH.

Gaan uit haar uit, My volk en red elkeen homself van die vreeslike woede van יהרה! Jer. 51:45

In Open. 17:5 lees ons dat *op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.* Hierdie naam wat op haar voorhoof geskrywe is, is 'n sinnebeeld van die feit dat sy geen skaamte oor haar valse leerstellings het nie, maar dat sy dit openlik bely en dit voor die volke ophemel!

Ons word ook herinner aan Paulus se woorde in 2 Kor. 6:14 tot 18.

Moenie saam met ongelowiges gejuk wees nie. Watter deel het onpartydige opregtheid met die oortreding van die wet en watter gemeenskap het lig met die duisternis? Of watter ooreenstemming het Die Gesalfde Een met die teëstander; of watter deelname het die wat vertrou met die ongelowige?

Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is:

“Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees.”

“As gevolg hiervan,” sê יהרה, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees,” sê יהרה, wat almal vashou.

In hierdie einde van die tye moet ons seker maak dat ons nie in dieselfde juk trek as die ongelowiges nie, veral nie in dieselfde juk nie as die wat Yeshua as Messias verwerp! Want YHVH se geregtigheid in Yeshua (2 Kor. 5:21) het geen deelgenootskap met die ongeregtigheid van diegene wat Yeshua verwerp! Indien ons YHVH as Vader wil hê, en ons Sy kinders wil wees, moet ons uit die duisternis van geestelike Babilon vlug sodat ons deelgenote van YHVH se Lig kan wees!

So lank as julle die Lig by julle het, vertrou in die Lig sodat julle kinders van die Lig kan wees.” Joh. 12:36

Laat niemand julle met leë woorde mislei nie, want daardeur kom die woede van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid; moet daarom nie vennote saam met hulle word nie, want julle was eers duisternis, maar nou is julle lig in eenheid met ons Meester. Leef daarom soos kinders van die Lig,

want die vrug van die Lig bestaan in alle goedheid, onpartydige opregtheid en waarheid.

Onderskei wat voor ons Meester aanvaarbaar is

en moet ook nie gemeenskap hê met diensknegte van die duisternis nie, want daar is geen vrug in hulle nie, maar jy moet hulle bestraf,

want wat hulle in die privaatheid doen is afskuwelik, selfs om te noem,

maar alles word uitgewys vanuit die lig en word openbaar, want alles wat iets openbaar, is lig.

Dit word daarom gesê: “Word wakker, jy wat slaap en staan op vanuit hulle wat dood is en Die Gesalfde Een sal jou verlig.” Efes. 5:7 tot 14.

Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag en julle is nie kinders van die nag en ook nie kinders van die duisternis nie.

Laat ons daarom nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waaksaam en nugter wees,

want die wat slaap, slaap in die nag en die wat dronk is, is in die nag dronk,

maar ons wat van die kinders van die dag is, laat ons waaksaam in ons gedagtes wees; trek voortdurend die borsplaat van vertroue en liefde aan en die helm van die versekerde verwagting van lewe,

want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die lewe te verkry in ons Meester,

Yeshua, Die Gesalfde Een;

Hy wat in ons plek gesterf het sodat ons, of ons lewe en of ons doodgaan, in eenheid met Hom kan lewe.

As gevolg hiervan, versterk en vertroos mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen. 1 Thess. 5:5 tot 11.

Laat ons die voorbeeld van ons Vader Abraham volg wat ook uit Ur van die Chaldeërs, naamlik antieke Babilon, moes gaan volgens YHVH se opdrag!

Gaan oor tot aksie en kom uit geestelike Babilon en gaan verkondig die goeie nuus van redding en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua Messias vervul is. Dit is alles haalbaar met die krag en salwing van die Afgesonderde Gees!!

Bepeins of Bespreek

1. Min besef en verstaan dat die Torah van Moses aan Israel gegee is om YHVH se volk in ‘bewaring’ te hou tot die dag van Yeshua se folterdood en opstanding. Daarom skryf Paulus in sy brief aan die Gelasiërs die volgende:

Ek sê: solank as die erfgenaam ’n kind is, verskil hy nie van die slawe nie, alhoewel hy hulle almal se meester is,

maar hy staan onder voogde en toesighouers tot op die tyd, soos deur sy vader bepaal is.

So was ons ook, toe ons kinders was, in slawerny onder die beginsels van die wêreld,

maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit ’n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet,

om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang,

maar omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: "Ons Vader!" Gal. 5:1 tot 6.

So ook is daar talle gelowiges wat nie beseft en nie verstaan nie dat slegs sowat 44% van al die wette (*mitzvot*) van die Torah van Moses in die huidige dispensasie gehou kan word – dit is indien aanvaar word dat Rabbee Maimonides se berekening dat daar 613 *mitzvot* is, korrek is. Die hoofrede hiervoor is die feit dat daar nie meer 'n Levitiese priesterorde en tempel is nie! Is dit opsigself nie vir ons rede genoeg nie om te beseft dat die Torah van Moses met die Torah van Yeshua vervang is? Die voorhangsel van die tempel wat tydens Yeshua se folterdood van bo tot onder geskeur het, bevestig dit tog immers (Matt. 27:51)! Maar daar is diegene wat glo dat Yeshua die Messias is wat gekom het en nou saam met Rabbynse Judaïsme besig is om die voorhangsel weer 'te herstel'!

Ons moet die volgende onthou: Volgens die Torah wat YHVH aan Moses gegee het, het YHVH vereis dat die hele Torah onderhou moes word. Daarom lees ons in Deut. 27:26 die volgende:

Vervloek is hy wat nie die woorde van hierdie wet bevestig deur dit te doen nie. ' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'

Nou moet ons vra: Wat van die sowat 56% van Moses se Torah wat teenswoordig nie gehou kan word nie? Sal YHVH diegene wat Moses se Torah probeer gehoorsaam 'oorsien'? Maar in die verband word ons herinner aan die woorde van Jakobus, naamlik:

Wie ook al die hele geskrewe wet gehoorsaam, maar in een ding struikel, word deur die hele wet skuldig bevind, Jak. 2:10.

Geliefdes, Yeshua se Torah is fisies haalbaar, hoewel ons nie op die fisiese fokus nie, maar wel op die geestelike betekenis en toepassing daarvan! Om een voorbeeld te noem: Indien ek voor Pesag met groot moeite alle suurdeeg uit my huis verwyder, maar ek het nog 'suurdeeg' in my hart, dan lewer ek 'n vertoning van die vlees en nie van die Gees nie! Dan mis ek die ware doel van die Torah van YHVH soos dit in Yeshua vervul is! Die fokus is eerstens op die geestelike en dan op die fisiese as bewys en bevestiging van vertrouwe in die voltooiende werk van Yeshua!

Die bediening wat regverdig maak deur vertrouwe in Yeshua oortref in alle opsigte die bediening van die Torah soos YHVH dit aan Moses gegee het! Dit is die bediening van die Gees wat lewend maak, naamlik die versoening deur geloof in Yeshua as die Lam van God tot sondevergifnis vir elkeen wat YHVH se wet (Torah) oortree. Dit is om vrygespreek te word van die wet van sonde en die dood en om deel te word van die wet van die lewe in Yeshua (Rom. 8:2).

2. Let op Mark. 16:16 dat Yeshua sê: *Wie ook al vertrou en gedoop word, sal lewe, maar hy wat nie vertrou nie, is veroordeel.* Die 1953 vertaling sê dat *hy wat glo....sal gered word; maar hy wat nie glo nie sal veroordeel word.* Adam Clarke's *Commentary on the Bible* verduidelik dit soos volg: *He that credits this Gospel as a revelation from God: and is baptized – takes upon him the profession of it, obliging himself to walk according to its precepts: he shall be saved – redeemed from sin here, and brought at last to the enjoyment of my eternal glory. But he that believeth not, shall be damned – because he rejects the only provision that could be effectual to his soul's salvation.* Lees ook Joh. 3:18. Hiervolgens, en verskeie ander Skrifgedeeltes, is dit duidelik dat Rabbynse Judaïsme onder YHVH se oordeel is! Hoekom is die meeste volgelinge van die

Messiaanse Beweging tog van mening dat die volgelinge van Rabbynse Judaïsme wel gered is? Glo hulle dan nie die Skrifte van die nuwe verbond nie?

-0-0-0-0-0-0-0-

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.